



UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

2010

**FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE**  
**FACULTY OF SCIENCE**

JAARVERSLAG • ANNUAL REPORT





UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

2010

---

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE JAARVERSLAG  
FACULTY OF SCIENCE ANNUAL REPORT

© 2010 Universiteit van Stellenbosch | Stellenbosch University

ISBN nommer 978-0-7972-1290-9

Versorging en redaksionele artikels | Revision and editorial articles  
Engela Duvenage

Fotograwe | Photographers

Justin Alberts, Gurtzwin Bosman, Jacques Botha, Bernard Bravenboer, Florian Breuer,  
Erinda Cooper, Engela Duvenage, Anton Jordaan

Uitleg en Ontwerp | Layout and Design  
Carina Myburgh, Sublime Design

Drukwerk | Printing  
African Sun Media, Stellenbosch

|  |   |
|--|---|
| 4  | Verslag van die Dekaan<br>Report by the Dean  |
| 6  | Ter bereiking van ons strategiese doelstellings<br>Towards reaching our strategic goals   |
| 12   | Ons navorsing in fokus<br>Focus on research   |
| <br><b>DEPARTEMENTELE VERSLAE   DEPARTMENTAL REPORTS</b>   |   |
| 14   | Aardwetenskappe<br>Earth Sciences   |
| 20   | Biochemie<br>Biochemistry   |
| 26   | Chemie en Polymeerwetenskap<br>Chemistry and Polymer Science  |
| 36   | Fisika<br>Physics   |
| 42   | Fisiologiese Wetenskappe<br>Physiological Sciences  |
| 48   | Mikrobiologie<br>Microbiology   |
| 54   | Plant- en Dierkunde<br>Botany and Zoology   |
| 66   | Wiskundige Wetenskappe (Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap)<br>Mathematical Sciences (Mathematics, Applied Mathematics, Computer Science) |
| <br><b>TOT UITBOUING VAN ONS ONDERRIG EN NAVORSING  <br/>ENHANCING OUR TEACHING AND RESEARCH EFFORTS</b> |   |
| 18   | SAF bied analitiese dienste<br>CAF provides analytical expertise  |
| 22   | Fasilitet open vir bepaling van ouderdom van gesteentes<br>Rock dating facility opens   |
| 28   | Polymeerwetenskap-gebou word heringerig<br>Polymer Science Building refurbished   |
| 30   | Nuwe spectrometer vir navorsers oor metale<br>New spectrometer for metals researchers   |
| 34   | Instrument ter waarde van R3 miljoen gee hupstoot aan polymeerwetenskapnavorsing<br>Instrument worth R3 million to boost polymer science research       |
| 38   | Kernfisika-spieëlbediener by US beskikbaar<br>Nuclear physics web server available at SU  |
| 46   | Voorgraadse mikroskopielaboratorium kry nuwe toerusting<br>Microscopy Teaching Laboratory receives new equipment  |
| 52   | Die HOOP Projek<br>The HOPE Project   |
| 56   | HOOP inisiatief: Navorsers bekyk komplekse vrae<br>HOPE initiative: Researchers tackle complex questions through new Centre                             |
| 58   | HOOP inisiatief: DWT/NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie<br>HOPE initiative: DST/NRF Centre of Excellence for Invasion Biology          |
| 62   | HOOP inisiatief: Universiteitsvennootskap in Aangepaste Bewegingsaktiwiteite<br>HOPE initiative: Universities Partnership in Adapted Physical Activity  |
| 64   | HOOP inisiatief: Universiteit Stellenbosch Waterinstituut<br>HOPE initiative: Stellenbosch University Water Institute                                   |
| 68   | NARGA bied elektroniese klaskamers<br>NARGA provides electronic classrooms  |
| 70   | Fisiologiese Wetenskappe gaan podsendings probeer<br>Physiological Sciences to try hand at podcasting   |
| 74   | Werkswinkel se tegnici ondersteun navorsing<br>Workshop's staff supports research   |
| 76   | <br><b>PUBLIKASIELYS   PUBLICATION LIST</b>   |
| 91   | <br><b>KONTAK ONS   CONTACT US</b>  |

Many of the achievements and events highlighted in this report would most probably not have been possible if not for the often behind-the-scenes work of our technical assistants, administrative officers and other support staff. In this annual report we therefore take the opportunity to place the spotlight on a few of the initiatives and divisions in our Faculty and within the greater university sector that have helped to support and strengthen our research and teaching endeavours during 2010.

**To our Faculty**, the 37 doctorates awarded for research in Science at this year's two graduation ceremonies are investments in fostering and sustaining a scientific approach and a culture of research in South Africa and on the rest of the continent.

Thanks to the development of similar expertise – whether among our undergraduate and postgraduate students or our staff corps – we are helping to establish Stellenbosch University (SU) as an excellent knowledge partner in the sciences. By schooling and mentoring our students, we wish to support intensified and continuous innovation, ingenuity and renewal in local industries and businesses to the benefit of our country.

The so-called teabag water filter is one of the 'smaller pieces' of ingenuity to have emerged from the University's ranks this year. By doing the rounds on the websites of BBC and CNN and appearing in *Scientific American*, this 'teabag' brought the objectives of the HOPE Project and SU research to the attention of the media, philanthropists and nongovernmental organisations across the globe.

This filter – the brainchild of our Dean and microbiologist Prof Eugene Cloete – is being developed thanks to a team of SU microbiologists and polymer scientists so that it can be rolled out on a large scale by a commercial company who holds the licencing rights. It can provide clean, germ-free water to vulnerable communities.

Prof Cloete was one of three members of staff who are involved in some of our Faculty's HOPE initiatives who were rewarded for research and leadership in 2010. He received a Science for Society Gold Medal from the Academy of Science for South Africa (ASSAf). Polymer scientist Prof Ed Jacobs, who liaises with the SU Water Institute, as does Prof Cloete, received the Water Research Commission Technical Excellence Award for the development of innovative membrane water purification technology that is commercially viable. Prof Steven Chown, director of the Centre of Excellence for Invasion Biology, travelled to Norway to receive the Martha T Muse Prize for science and policy in the Antarctic region.

The level of expertise of our staff is also reflected in other honours that they received. Laser physicist Dr Christine Steenkamp was honoured by the Third World Organisation for Women in Science (TWAS). The excellent research done by Prof Marcel Wild of the Department of Mathematical Sciences (Mathematics, Applied Mathematics, Computer Science) was recognised by the South African Mathematical Society. Another mathematician, Prof Stephan Wagner, was rewarded with the Meiring Naudé Medal of the Royal Society of South Africa. Prof Eddie van Dijk, a research fellow in the Department of Botany and Zoology, received the Senior Captain Scott Medal of the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*.

About 94% of our staff are involved actively in research. This excellent percentage is reflected in the 91 members of staff who were rated by the National Research Foundation (NRF), and our seven world-class scientists with an A ranking. Our researchers produce a large number of publications in leading academic journals. In addition, our research enjoys considerable financial support from, among others, the Department of Science and Technology, the NRF and the industry, and contract financing remains a valuable source of sustainable income.

Success breeds success. This year our students again excelled at international and national conferences and received important bursaries. For instance, a doctoral student and lecturer in applied mathematics, Ms Sonia Woudberg, received one of the first L'Oréal-UNESCO Regional Fellowships for Women in Science in Africa south of the Sahara, while chemistry student Mr Simon Herbert was supported through a Commonwealth scholarship.

However, we cannot rest on our laurels. Our strategic plan consequently drives continuous renewal and active initiatives.

As a result, our attempt to increase our undergraduate student throughput to above 77% is supported by an extensive tutor system, raised admission requirements, an improved extended degree programme which can also accommodate more students, and the increasing use of real-time interpreting services. Incentive mechanisms that motivate post-graduate students to complete their studies within specific timeframes have also been instituted.

Improved throughput rates and a larger number of graduates call for a focus on our expertise base. This involves, among other things, the need for our network of research chairs, professors extraordinary and postdoctoral fellows to be extended, and the need for our retirees to be retained as research fellows extraordinary who continue to contribute to research outputs and who act as valuable mentors to younger Faculty members.

Research centres are efficient instruments for producing increasing numbers of research outputs and attracting research students of a high quality. Thanks to the Faculty's exceptional research ethos, highly relevant multidisciplinary research and postgraduate programmes have been established over the years. Similarly, the SU Water Institute, established this year is a valuable addition to our extensive research focus areas.

**Ons Fakulteit** beskou die 37 doktorsgrade wat by vanjaar se twee gradeplegtighedsgeleenthede vir navorsing in die Natuurwetenskappe toegeken is as beleggings in die kweek en bestendiging van 'n wetenskaplike benadering en 'n navorsingskultuur in Suid-Afrika en die res van Afrika.

Danksy die ontwikkeling van soortgelyke kundigheid – hetsy onder ons voor- en nagraadse studente of ons personeelkorps – help ons om die Universiteit Stellenbosch (US) as 'n kennissenoot van uitnemendheid in die natuurwetenskappe te vestig. Deur ons studente te skool en te mentor, wil ons verskerpte en voortdurende innovasie, vindingrykheid en vernuwing binne plaaslike industrieë en bedrywe ondersteun tot voordeel van ons land.

Die sogenaamde teesakkie-waterfilter is een van die 'kleiner stukkies' vindingrykheid wat vanjaar vanuit universiteitsgeledere die lig gesien het. Deur onder meer op die webbladsye van BBC en CNN en in *Scientific American* 'n draai te maak, het hierdie 'teesakkie' die doelstellings van die HOOP Projek en US-navorsing wêreldwyd onder die aandag van die media, filantropie en nieregeringsorganisasies gebring.

Dié filter – die breinkind van ons Dekaan en mikrobioloog, prof Eugene Cloete – word danksy 'n span US-mikrobioloë en polimeerwetenskaplikes ontwikkel sodat dit grootskaals uitgerol kan word deur 'n lisensiehouende kommersiële maatskappy om skoon, kiemvrye water aan kwesbare gemeenskappe te lewer.

Prof Cloete is een van drie personeellede wat ook betrokke is by van ons Fakulteit se HOOP-inisiatiewe om vanjaar vir navorsing en leierskap beloon te word. Hy het 'n *Science for Society Goue Medalje* van die Wetenskap-akademie van Suid-Afrika (ASSAf) ontvang. Polimeerwetenskaplike, prof Ed Jacobs, wat soos prof Cloete skakel met die US Waterinstituut, het die Waternavorsingskommissie se Tegniese Prestasie-toekenning ontvang vir die ontwikkeling van innoverende membraanwatersuiwerings-tegnologie wat kommersieel lewensvatbaar is. Op sy beurt het prof Steven Chown, direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie, na Noorweë gereis om die Martha T Muse-prys vir wetenskap en beleidvorming in die Antarktiese streek te ontvang.

Die besondere kundigheidsvlak van ons personeel word ook weerspieël in ander eer-bewyse wat hulle ontvang het. Laserfisikus, dr Christine Steenkamp, is deur die Derde-wêreldorganisasie vir Vroue in die Wetenskap vereer. Prof Marcel Wild van die Departement Wiskundige Wetenskappe (Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaar-wetenskap) se uitmuntende navorsing is deur die Suid-Afrikaanse Wiskunde-vereniging bekroon. Nog 'n wiskundige, prof Stephan Wagner, is met die Meiring Naudé-medalje van die Royal Society of South Africa beloon. Prof Eddie van Dijk, navorsingsgenoot in die Departement Plant- en Dierkunde, het die Senior Kaptein Scott-medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.

Ongeveer 94% van ons personeel doen aktief navorsing. Hierdie uitsonderlike persentasie word weerspieël in die 91 personeellede wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) geëvalueer is, en die sewe wêreldklaswetenskaplikes met A-evaluasie in ons geledere. Ons navorsers lever 'n groot hoeveelheid publikasies in toonaangewende vaktydskrifte. Daarby geniet ons navorsing wye finansiële ondersteuning van onder meer die Departement van Wetenskap en Tegnologie, die NNS en die industrie. Kontrakfinansiering bly 'n waardevolle bron van volhoubare inkomste.

Een sukses lei tot 'n ander. Ons studente het vanjaar weer op internasionale en nasionale kongresse uitgestaan en het toonaangewende beurse ontvang. So het doktorale student en lektor in toegepaste wiskunde, me Sonia Woudberg, een van die eerste L'Oréal en UNESCO Streeksbeurse vir Vroue in Wetenskap in Afrika suid van die Sahara ontvang, terwyl chemiestudent mnr Simon Herbert met 'n Commonwealth-beurs ondersteun is.

Ons kan egter nie op ons louere rus nie. Daarom dryf ons strategiese plan voortdurende vernuwing en daadwerklike inisiatiewe.

So word ons poging om ons voorgraadse studentedeurvloei bo 77% te stoot ondersteun deur 'n uitgebreide tutorstelsel, verhoogde toelatingvereistes, 'n verbeterde verlengde graadprogram wat ook meer studente kan akkommodeer en die toenemende gebruik van intydse tolkdienste. Aansporingsmeganismes, wat nagraadse studente motiveer om binne spesifieke tydsraamwerke hul studies te voltooi, is ingestel.

Verbeterde deursetkoerse en 'n groter graduandital vereis 'n fokus op ons kundigheidsbasis. Dit omvat onder meer dat ons netwerk van leerstoelle, buitengewone professore en nadoktorale genote moet uitbrei, en dat ons agetredenes behou moet word as buitengewone navorsingsgenote wat nog tot navorsingsuitsette bydra en waardevolle mentors vir die jonger garde is.

Navorsingsentrums is doeltreffende instrumente om meer navorsingsuitsette te lewer en om navorsingstudente van hoogstaande gehalte te lok. Danksy die Fakulteit se uitsonderlike navorsingssetos is daar oor die jare heen hoogs relevante, multidisiplinêre navorsings- en nagraadse programme gevestig. Die US Waterinstituut, wat vanjaar gestig is, is eweneens 'n waardevolle byvoeging tot ons uitgebreide navorsingsfokusareas.

//  
**Talle van die prestasies en gebeurtenisse wat in hierdie verslag uitgelig word, sou waarskynlik nie moontlik gewees het as dit nie was vir die dikwels agter-die-skermse werk van ons tegnici, administratiewe beamptes en ander ondersteuningspersoneel nie. Graag laat ons dus in hierdie verslag die soeklig val op die talle inisiatiewe en afdelings binne ons Fakulteit en die groter universiteitstrukture wat ons navorsing en onderrig gedurende 2010 ondersteun en help uitbou het.**  
 //

Prof Eugene Cloete

Dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe  
Dean: Faculty of Science





**The Stellenbosch University (SU) Faculty of Science** strives to contribute to society as a whole through teaching, among other means. In line with the SU Vision 2015, this Faculty is committed to positioning Stellenbosch University within South Africa, Africa and the world arena as a research-focused academic institution of excellence and as a knowledge partner of great respect that builds on the scientific, technological and intellectual capacity of Africa and plays an active role in the development of South African society.

We are striving towards excellence in undergraduate and postgraduate teaching, research, community interaction and human resource management.

The Faculty of Science has eight Departments. In addition to this the Faculty of Science has world-renowned centres where research groups with excellent research facilities are established in the various fields of study. We have an exceptionally strong research ethos, and have been extremely successful over the years in creating highly relevant multidisciplinary research and postgraduate programmes.

During the past year, through a collaborative effort by its staff and students, the Faculty of Science has managed to do exceptionally well in various aspects of in our strategic plan towards 2015. These include our number of research publications, NRF rated scientists and postgraduate students from Africa.

There are of course specific areas of concern that we are hoping to address through various targeted initiatives and objectives, as is set out below:

### **Objective: To increase our undergraduate success rate and the implementation of the SU language policy**

The Faculty of Science is committed to the education of young scientists in support of the South African Government's initiative to increase the knowledge base of our community in the fields of science and technology. To this end, the Faculty of Science has identified the increased success rate of our undergraduate students as one of its major objectives.

To this end, we offer training at the undergraduate level in the more fundamental mathematical, physical and biological sciences to include study programmes in Biodiversity and Ecology, Molecular Biology and Biotechnology, two focus areas in Human Life Sciences, Sport Sciences, Earth Sciences, Applied Geoinformatics, various focus areas in Chemistry and Physics and various streams in Mathematical Sciences, including Mathematics, Biomathematics, Applied Mathematics and Computer Science. Our cadre of teaching staff also provides training in specific disciplines to students registered in the Faculties of Health Sciences, Engineering, Agrisciences and Economic and Management Sciences.

Statistics from the past few years show that less than 30% of our undergraduate students complete their degree within three years, while 35% of the students do not complete their degree in the Faculty, but elsewhere.

In order to address this, the admission requirements to follow programmes in the Faculty of Science were increased to 55% in 2010 (taking a 60:40 aggregate of the National Senior Certificate and Access Tests as the norm). This decision did not have a negative impact on the student numbers in the first year intake, as was expected in our enrolment strategy. It has however resulted in an improved pass rate at the first year level. It has also ensured that more students with a higher average (between 50-55%) could be admitted via the alternative admission year programmes, with the intake rising from 40 in 2009 to 120 in 2010. It is expected that this pool of students will not only increase the number of diversity students within the Faculty's mainstream programme in 2011 and beyond, but will also ensure a higher success rate for our educationally disadvantaged students.

Within our student enrolment plan, we do not foresee any planned growth in the number of undergraduate students between 2011 and 2016. Part of the problem with our success rate is attributed to student numbers exceeding the physical and human resource capacity in the Faculty which also has a negative impact on research outputs and postgraduate student training. In order to limit the number of students, we are planning to adjust the admission requirements to a 60% average (NCS:ACT average) in 2012, which will also beneficially support an improved graduation rate.

Our intensive tutor support initiative, which was initiated in 2009 with great success, was continued in 2010. This intervention has paid off, with the majority of first year courses boasting an improved pass rate. Other initiatives in support of an increased pass rate are currently being investigated. Our current undergraduate curriculum is under serious review in order to take account of factors such as the optimal use of facilities and staff time. We are hoping to implement the necessary changes by 2012.

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Fakulteit Natuurwetenskappe streef daarna om 'n bydrae tot die samelewing in sy geheel te lewer deur middel van, onder andere, onderrig. In ooreenstemming met die US Visie 2015 is dié fakulteit daar toe verbind om die US ewe goed binne Suid-Afrika, Afrika en die wêreldarena te posisioneer as 'n uitnemende, navorsingsgerigte akademiese instelling en 'n hoogs gerekende kennisvennoot wat voor tbou op die wetenskaplike, tegnologiese en intellektuele vermoë van Afrika, en 'n aktiewe rol speel in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Ons streef na uitnemendheid wat voor- en nagraadse onderrig, navorsing, gemeenskapsinteraksie en menslikehulpbronbestuur betref.

Die Fakulteit Natuurwetenskappe het agt departemente. Verder beskik die Fakulteit oor wêreldbekende sentra waar navorsingsgroepe met uitstekende navorsingsfasilitete in die onderskeie vakgebiede gevestig word. Ons het 'n buitengewoon sterk navorsingsetos en het deur die jare groot sukses behaal met die daarstelling van hoogs relevante, multidissiplinêre navorsings- en nagraadse programme.

In die afgelope jaar het die Fakulteit Natuurwetenskappe daarin geslaag om, deur 'n samewerkingsinisiatief van sy personeel en studente, besonder goed te vaar met verskeie aspekte wat in sy strategiese plan na 2015 uitgelig word. Dit behels onder andere ons getal publikasies, NSS-geëvalueerde wetenskaplikes en nagraadse studente uit Afrika.

Daar is natuurlik spesifieke gebiede wat kommer wek en wat ons beplan om deur middel van 'n aantal gefokusde inisiatiewe en doelwitte aan te spreek. Dit is soos volg:

## **Doelwit: Om ons voorgraadse sukseskoers te verhoog en die US se taalbeleid te implementeer**

Die Fakulteit Natuurwetenskappe is verbind tot die onderrig van jong navorsers ter ondersteuning van die Suid-Afrikaanse regering se inisiatief om ons gemeenskap se kennisbasis op die gebied van die wetenskap en tegnologie uit te brei. 'n Hoër slaagsyfer onder voorgraadse studente is een van die doelwitte waarmee die Fakulteit Natuurwetenskappe poog om hierdie inisiatief te ondersteun.

Om hierdie doel te kan bereik bied ons onderrig op voorgraadse vlak in die meer grondliggende wiskundige, fisiese en biologiese wetenskappe, met inbegrip van studieprogramme in Biodiversiteit en Ekologie, Molekulêre Biologie en Biotechnologie, twee fokusareas in Menslike Lewenswetenskappe, Sportwetenskap, Aardwetenskap, Toegepaste Geoinformatika, verskeie fokusareas in Chemie en Fisika en verskeie strome in Wiskundige Wetenskappe, wat Wiskunde, Biowiskunde, Toegepaste Wiskunde en Rekenaarwetenskap insluit. Ons onderrigpersoneel verskaf ook onderwys in spesifieke dissiplines aan studente wat by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Ingenieurswese, Agriwetenskappe en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ingeskryf is.

Statistiek van die afgelope paar jaar toon dat minder as 30% van ons voorgraadse studente hulle graad binne drie jaar voltooi, terwyl 35% van die studente hulle graad nie aan die Fakulteit nie, maar elders voltooi.

Om hierdie saak aan te spreek is die toelatingsvereistes om programme in die Fakulteit Natuurwetenskappe te kan volg in 2010 verhoog tot 'n gemiddeld van 55% (in die gekombineerde uitslae van die Nasionale Senior Sertifikaat-vakke en die US se Toelatingstoets, met 'n verhouding van 60:40 as die norm). Hierdie besluit het nie 'n negatiewe impak op studentegetalle in die eerstejaarinnamegroep gehad nie, soos daar met die inskrywingstrategie voorsien is. Dit het wel tot 'n beter slaagsyfer op eerstejaarsvlak geleid. Dit het ook tot gevolg gehad dat meer studente met 'n hoër gemiddeld (tussen 50% en 55%) toegelaat kon word via alternatiewe toelatingsjaarprogramme, wat die innname van 40 in 2009 tot 120 in 2010 laat styg het. Daar word verwag dat hierdie studentepoel nie net die getal diversiteitstudente in die Fakulteit se hoofstroomprogramme vanaf 2011 sal laat styg nie, maar ook 'n hoër suksesyster vir ons onderwysbenadeelde studente sal beteken.

Volgens ons studente-inskrywingsplan voorsien ons nie enige groei in die voorgraadse studentetal tussen 2011 en 2016 nie. 'n Deel van die probleem wat die sukseskoers betref kan toegeskryf word aan die feit dat die studentegetalle die fisiese en menslikehulpbron-kapasiteit binne die Fakulteit oorskry, wat ook 'n negatiewe impak op navorsingsuitsette en die onderrig van nagraadse studente het. Om studentegetalle te beperk beplan ons om die toelatingsvereiste in 2012 tot 'n gemiddeld van 60% (NSS:TT-gemiddeld) te verhoog, wat ook die voordeel van 'n verbeterde gradueringskoers sal inhoud.

Ons intensiewe tutorsteuninisiatief wat met groot sukses in 2009 ingestel is, is in 2010 voortgesit. Hierdie ingryping het tot groot sukses geleid deurdat die meerderheid eerstejaarskursusse 'n verbeterde slaagkoers getoon het. Ons ondersoek tans bykomende





Language is seen as an important enabler of student success. However, in order to implement the official language plan of the Faculty of Science, in line with that of Stellenbosch University, we require the necessary financial support for additional staff and also for translation services. As an experiment, a real-time interpreter service was successfully introduced in 2010 for certain Biochemistry modules. This alternative has many benefits, such as its cost effectiveness compared to the option of having to repeat the same lecture. It has proven to be a viable alternative in selected courses. We are hoping to extend this service onwards to 2016, and will continue to implement the official faculty language plan.

### **Objective: To reduce the time that postgraduate students take to complete their degrees**

We provide quality training to primarily full-time on-campus students in our effort to make a significant contribution to building a strong research community within the South African industry and academia. As a centre of excellence for postgraduate training in the physical, biological and mathematical sciences, we have over the years managed to produce a significant number of master's and doctoral candidates.

We are satisfied with the throughput rate of our honours students. With sufficient support of the honours students we aim to provide well prepared students to follow our MSc and PhD programmes.

Through various initiatives, the Faculty of Science is hoping to reduce the timeframe in which our MSc and PhD students complete their studies. We have, for instance, introduced an incentive programme through which PhD students who complete their degree within three years receive R20 000. Already we are noticing that our PhD students are completing their degrees in a shorter time, and we expect this trend to continue. On average, the success rate of our PhD students has improved from an average of more than five years in 2008 to 3,89 years in 2010. Currently 72% of our PhD students complete their degree within five years, while the average for MSc degrees is three years.

A formal agreement process between all postgraduate students and their supervisors have also been set up, in which the expectations of the various parties are stipulated. An annual research workshop is held for all new postgraduate students in the faculty and we are also working closely with the SU Postgraduate Students Office to ensure that our students benefit from their postgraduate support programmes.

### **Objective: To increase our postgraduate student numbers and diversity**

Postgraduate students make up 30,93 % of the student component of the Faculty of Science. We are doing well in attracting students to our postgraduate programmes, and in particular we have success in recruiting students from African countries and abroad.

In a positive trend, our total postgraduate student numbers have increased from 670 in 2009 to 715 in 2010 due to the commitment of our staff and active recruitment drives.

Our postgraduate diversity students have increased from 32,4% to 35,8% since 2009, while 49,4% of our students are female. The number of postdoctoral fellows working within our research groups has increased from 60 to 80 over the last few years. Although we already have 35% diversity students at the postgraduate level, we need to grow these numbers to get to the desired 40:60 ratio by 2015. We would therefore like to introduce additional bursaries to diversity students at the honours level, and would like to start investing in the recruitment of relevant MSc and PhD students from other universities.

This is made possible largely to the R21 million per year investment in student scholarships afforded from our third stream income. Further support of approximately R13 million for equipment and R1,14 million in postdoctoral fellowship helps to make Stellenbosch University a more attractive option to consider for postgraduate studies.

In support of our postgraduate programme, we want to increase student numbers at the honours level to provide a bigger pool of students for MSc and PhD studies. We would like to increase our efforts in this regard by continuing to invest in infrastructure to accommodate more postgraduate students. Already, for instance, the R25 million upgrade of the Polymer Science Building in 2010 has ensured that the facilities to accommodate postgraduate students in polymer science have increased from 38 to a possible 65 students. Similar initiatives are planned in the other disciplines such as Biochemistry, Botany and Zoology, Physiological Sciences and the Mathematical Sciences.

Strategically, we therefore endeavour to continue an offering of competitive scholarships

inisiatiewe wat tot 'n stygging in die slaagsyfer sal lei. Ons bestaande voorgraadse kurrikulum word opnuut in oënskou geneem om voorsiening te maak vir faktore soos die optimale gebruik van fasiliteite en personeeltyd. Ons hoop om die nodige veranderinge teen 2012 aan te bring.

Taal word as 'n belangrike instaatsteller vir studentesukses beskou. Om egter die amptelike taalplan van die Fakulteit Natuurwetenskappe te kan implementeer en in lyn te bring met dié van die US benodig ons finansiële bystand vir bykomende personeel en vertaaldienste. 'n Intydse tolkdiens is in 2010 op 'n eksperimentele grondslag vir sekere Biochemie modules ingestel. Hierdie opsie bied baie voordele en is veral meer kostedoeltreffend as die opsie om dieselfde lesing te herhaal. Dit is as 'n haalbare alternatief vir bepaalde kursusse uitgewys. Ons hoop om hierdie diens algaande tot 2016 uit te brei en sal voortgaan om die amptelike fakultettaalplan te implementeer.

## **Doelwit: Om die tyd wat nagraadse studente neem om hul graad te voltooi te verminder**

Ons verskaf gehalteonderrig aan hoofsaaklik voltydse kampusgebaseerde studente in ons strewe om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die bou van 'n sterk navorsingsgemeenskap binne die Suid-Afrikaanse industrie en akademie. Synde 'n sentrum van uitnemendheid vir nagraadse opleiding in die fisiese-, biologiese en wiskundige wetenskappe, het ons deur die jare daarin geslaag om 'n aansienlike aantal meesters- en doktoralekandidate te lewer.

Ons is tevrede met die omsetkoers van ons honneursstudente. Met behoorlike steun vir die honneursstudente is dit ons doel om goed voorbereide studente te lewer om ons MSc- en PhD- programme te deurloop.

Deur verskeie inisiatiewe hoop die Fakulteit Natuurwetenskappe om die tydraamwerk te verkort waarbinne ons MSc- en PhD-studente hulle studies voltooi. Ons het byvoorbeeld 'n aansporingsprogram bekend gestel waarvolgens PhD-studente wat hulle graad binne drie jaar voltooi, 'n bedrag van R20 000 ontvang. Ons merk reeds dat ons PhD-studente hulle grade in 'n korter tyd afhandel en ons verwag dat die tendens sal voortduur. Oor die algemeen het die sukseskoers van ons PhD-studente verbeter van 'n gemiddeld van meer as vyf jaar in 2008 tot 3,89 jaar in 2010. Tans voltooi 72% van ons PhD-studente hulle graad binne vyf jaar, terwyl die gemiddeld vir MSc-grade drie jaar is.

'n Formele ooreenkomsproses tussen alle nagraadse studente en hul studieleiers is ook daargestel, waarin die verwagtinge van die onderskeie partye uiteengesit word. 'n Jaarlikse navorsingslyskool word gehou vir alle nuwe nagraadse studente in die Fakulteit en ons werk ook nou saam met die US se kantoor vir nagraadse studente om te verseker dat ons studente voordeel trek uit hulle nagraadse steunprogramme.

## **Doelwit: Om ons nagraadsestudentetal en -diversiteit te verhoog**


Nagraadse studente maak 30,93% van die studentekomponent van die Fakulteit Natuurwetenskappe uit. Ons slaag goed daarin om studente na ons nagraadse programme te lok en behaal veral sukses met die werwing van studente uit Afrikalande en van oorsee.

In 'n positiewe tendens het ons totale nagraadse studentetal gestyg van 670 in 2009 tot 715 in 2010 danksy die verbintenis van ons personeel en aktiewe werwingsveldtogte. Ons nagraadse diversiteitstudente het sedert 2009 toegeneem van 32,4% tot 35,8%, terwyl 49,4% van ons studente vroulik is. Die getal nadoktorale genote wat in ons navorsingsgroep werk, het van 60 tot 80 oor die afgelope paar jaar gestyg. Alhoewel ons reeds 35% diversiteitstudente op nagraadsevlak het, moet ons hierdie getalle laat groei om die verlangde 40:60-verhouding teen 2015 te kry. Ons wil daarom graag bykomende beurse vir diversiteitstudente op honneursvlak instel en wil reeds begin met investering in die werwing van toepaslike MSc- en PhD-studente van ander universiteite.

Dit word grootliks moontlik gemaak weens die R21 miljoen per jaar se belegging in studiebeurse wat uit ons derdestroominkomste verkry word. Verdere steun van ongeveer R13 miljoen vir toerusting en R1,14 miljoen se nadoktorale beurse help om die US 'n aantrekliker opsie te maak wat vir nagraadse studie oorweeg kan word.

Ter ondersteuning van ons nagraadse program wil ons studentegetalle op honneursvlak verhoog om 'n groter pool studente vir MSc- en PhD-studies daar te stel.

Ons wil graag ons pogings in hierdie verband verbeter deur voort te gaan om in infrastruktuur te belê om meer nagraadse studente te kan akkommodeer. Die R25 miljoen se upgradering van die Polimeerwetenskapgebou in 2010 het daar toe bygedra dat die fasiliteite wat nagraadse studente in polimeerwetenskap akkommodeer van 38 tot



# TOWARDS REACHING OUR STRATEGIC GOALS



and financial support to our research programmes from third stream income, and to increase our support to young staff members to provide them with the necessary funding and scholarships to ensure they become research active as soon as possible.

## **Objective: To improve our research output**

Our research ability is regarded as one of the main strengths of the Faculty of Science. This is reflected by the large number of scientists rated by the National Research Foundation (NRF), the fact that 94% of our staff members are involved in research, and our exceptionally high research outputs in science journals.

With the awarding of an A-rating to Prof Terry Robinson of the Department of Botany and Zoology, we have seven world class academics as part of our research staff. The number of our NRF rated scientists has increased from 84 in 2009 to 91 in 2010. In turn, the number of subsidy bearing publishing units has increased from 176,93 in 2009 to 206,54 in 2010.

The Faculty of Science has been extremely successful in creating highly relevant multi-disciplinary research and postgraduate programmes by using the model of Research Centres as effective instruments to increase the production of quality research outputs and students.

The Faculty of Science continues to be successful in attracting substantial third stream income. The steep upward trend in the generation of competitive as well as research contract funding makes it possible to sustain our research enterprise and to fund our mainstream activities that generate first and second stream income. In total, the Faculty of Science invests R33,7 million directly into research associated with postgraduate student training, over and above the R21,8 million which is invested in scholarships. A further R25,7 million rand of third stream income is invested in the salaries of our researchers and research associate staff.

Our Faculty have definitely benefited from recent initiatives implemented by the South African Department of Science and Technology (DST), such as the Centres of Excellence (CoE) and the South African Research Chairs Initiative (SARCHI). With our endowed chair programme, an initiative which hopes to attract funding to sponsor at least one new endowed chair per department over the next two years, we are hoping to strengthen our research ability even further. The intention is not to appoint anyone against these chairs, but to appoint existing staff in the chair and to use the money strategically within the faculty.

During 2010 water research was identified as a new focus area for the Faculty. The Stellenbosch University Water Institute was constituted as an effort to unite the many water research groups within the greater university environment, and to drive the development of technology, innovation and further research to address the various water challenges faced in South Africa and beyond. We will continue to identify similar new focus areas of strategic importance in which we already have the proven capacity and expertise.

We strive towards expanding our industry partnerships, and towards increasing our support to our young researchers. We also want to continue our financial incentive scheme for retired staff to publish their research and to mentor young staff members.

'n moontlike 65 studente uitgebrei is. Soortgelyke inisiatiewe word beplan vir ander dissiplines soos Biochemie, Plant- en Dierkunde, Fisiologiese Wetenskappe en die Wiskundige Wetenskappe.

Strategies probeer ons dus om voort te gaan met die aanbied van mededingende beurse en finansiële steun aan ons navorsingsprogramme via derdestroominkomste, en om ons steun aan jonger personeellede te verhoog ten einde hulle van die nodige fondse en beurse te voorsien om te verseker dat hulle so gou doenlik aktief raak op navorsingsgebied.

## Doelwit: Om ons navorsingsuitset te verbeter

Ons navorsingsvermoë word geag een van die grootste bates van die Fakulteit Natuurwetenskappe te wees. Dit word weerspieël deur die groot aantal navorsers wat die Nasionale Navorsingstigting (NNS) evalueer, die feit dat 94% van ons personeellede by navorsing betrokke is, asook ons buitengewoon hoë navorsingsuitsette in wetenskaplike vaktydskrifte.

Met die toekenning van 'n A-gradering aan prof Terry Robinson van die Departement Plant- en Dierkunde, is daar sewe wêreldklasakademici op ons navorsingspersoneel. Die getal NNS-geévalueerde wetenskaplikes het van 84 in 2009 tot 91 in 2010 gestyg. Op sy beurt het die getal subsidiedraende publikasie-eenhede van 176,93 in 2009 tot 206,54 in 2010 gestyg.


Die Fakulteit Natuurwetenskappe was uiterst suksesvol met die saamstel van hoogs relevante multidissiplinêre navorsings- en nagraadse programme deur die Navorsingsentramodel as effektiewe instrument te gebruik ten einde die lewering van gehaltenavorsingsuitsette en -studente te verhoog.

Die Fakulteit Natuurwetenskappe slaag steeds daarin om aansienlike derdestroominkomstebronne te lok. Die skerp opwaartse tendens in die generering van mededingende en navorsingskontrakbefondsing maak dit moontlik om ons navorsingsinisiatief vol te hou en ons hoofstroomaktiwiteite wat eerste- en tweedestroominkomste genereer te befonds. Die Fakulteit Natuurwetenskappe spandeer altesaam R33,7 miljoen aan navorsing wat direk verband hou met nagraadse studente; dit is bo en behalwe die R21,8 miljoen wat aan studiebeurse bestee word. 'n Verdere R25,7 miljoen van sy derdestroominkomste word bestee aan die salaris van navorsers en navorsingsverwante personeel.

Ons fakulteit het gewis gebaat by onlangse inisiatiewe wat die Suid-Afrikaanse Departement van Wetenskap en Tegnologie (DST) geïmplementeer het, byvoorbeeld die sentra van uitnemendheid (CoE) en die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel-inisiatief (SARChI). Met ons gesubsidieerde leerstoel-program – 'n inisiatief waardeur daar gehoop word om skenkerbefondsing te lok om minstens een nuwe gesubsidieerde leerstoel per departement oor die volgende twee jaar te befonds – hoop ons om ons navorsingsvermoë selfs verder te versterk. Die bedoeling is nie om enigiemand nuuts in hierdie leerstoele aan te stel nie, maar om bestaande personeel in die leerstoele aan te stel en die geld strategies binne die Fakulteit aan te wend.

Waternalvorsing is in 2010 as 'n nuwe fokusarea vir die Fakulteit aangedui. Die US se Waterinstituut is gestig in 'n poging om die groot aantal waternalvorsingsgroepe binne die groter universiteitsomgewing saam te voeg en om die ontwikkeling van tegnologie, innovasie en verdere navorsing te dryf ten einde die uitdagings wat water vir Suid-Afrika en ander gebiede inhoud aan te spreek. Ons sal voortgaan om soortgelyke nuwe fokusareas van strategiese belang waarin ons reeds bewese kapasiteit en kundigheid het, te identifiseer.

Ons streef daarna om ons bedryfsvennootskappe uit te bou en steun aan ons jong navorsers te verbeter. Ons wil ook ons finansiële aansporingskema vir afgetrede personeel voor tsit waarvolgens hulle navorsing gepubliseer word en hulle as mentors vir jonger personeellede optree.



## FOCUS ON RESEARCH

Extensive financial support from industry and other organisations empowers our researchers to fulfil a leading role in both fundamental and applied sciences. In addition, it enables the Faculty to provide substantial support for national and international postgraduate students.

### OUR MAIN RESEARCH FOCUS AREAS ARE:

#### 1. Sustainable Biodiversity and Environment

- Sustainable Biodiversity resources
- Invasion and response biology
- Systematics and evolution
- Earth systems science
- Microbial ecology

#### 2. Biotechnology

- Plant biotechnology and natural polymers
- Biological biotechnology
- Molecular and cellular exercise physiology
- Molecular biosciences




#### 3. Technology for the Industry

- Novel materials and technology
- Separation and analysis
- Environmental and exploration geology
- Laser sources and applications
- Automated language processing

#### 4. Fundamental Theory, Mathematics and Complexity

- Nuclear structure and relativistic nuclear models
- Quantum field theory: fundamental aspects, and applications to condensed matter physics.
- Quantum systems, disordered and polymer systems
- Cellular dynamics and modelling
- Algebra, number theory and geometry
- Analysis, topology and mathematical modelling (SACEMA – epidemiology)
- Computational mathematics and numerical analysis
- Network design and simulation

### OUR POSTGRADUATE STUDENT PROFILE IN 2010



## ONS VOORGRAADSE STUDENTEPROFIEL IN 2010



Uitgebreide finansiële ondersteuning vanaf industrie en ander organisasies bemagtig ons navorsers om voorpuntnavorsing in die fundamentele en toegepaste wetenskappe te doen. Daarby help dit ons Fakulteit om wesenlike ondersteuning aan nasionale en internasionale nagraadse studente te kan bied.

## ONS BELANGRIKSTE NAVORSINGSFOKUSGEBIEDE BEHELS:

1. Volhoubare Biodiversiteit en Omgewing
  - Volhoubare biodiversiteitshulpbronne
  - Indringerbiologie en die reaksie daarop
  - Sistematiek en evolusie
  - Aardsisteemwetenskap
  - Mikrobiiese ekologie
2. Biotehnologie
  - Plantbiotehnologie en natuurlike polimere
  - Biologiese biotehnologie
  - Molekulêre en sellulêre oefeningfisiologie
  - Molekulêre biowetenskappe
3. Tegnologie vir die Industrie
  - Nuwe materiale en tegnologie
  - Skeidingstegnieke en analise
  - Omgewings- en eksploreringsgeologie
  - Laserbronne en toepassings
  - Rekenaargebaseerde taalverwerking
4. Fundamentele Teorie, Wiskunde en Kompleksiteit
  - Kernstruktur en relativistiese kernmodelle
  - Kwantumveldeteorie: fundamentele aspekte, en toepassings in gekondenseerde materie
  - Kwantum-, wanordelike en polimeersisteme
  - Sellulêre dinamika en modellering
  - Algebra, syfer teorie en meetkunde
  - Analise, topologie en wiskundige modellering (SACEMA – epidemiologie)
  - Komputasionele wiskunde en numeriese analise
  - Netwerkontwerp en simulasié

# DEPARTMENT OF EARTH SCIENCES

## Contact details | Kontakinligting

Tel 021 808 3219

Faks | Fax 021 808 3219

Epos | Email [Icon@sun.ac.za](mailto:Icon@sun.ac.za)

Web [www.sun.ac.za/earthSci](http://www.sun.ac.za/earthSci)

### The following staff members have NRF ratings:

B – Prof Ian Buick  
*metamorphic petrology, geochemistry and isotope geochemistry*

B – Prof John Clemens  
*igneous and experimental petrology*

B – Prof Gary Stevens  
*experimental petrology*

C – Prof Alex Kisters  
*structural geology and tectonics*

C – Prof Alakendra Roychoudhury  
*environmental geochemistry and hydrology*

## RESEARCH INTERESTS

Our research interests include: Tectonics and orogenic processes; sedimentology of the Karoo Basin; petroleum geology; petrogenesis of granitic rocks; metamorphic petrology; trace-element and isotope geochemistry; experimental petrology; shear-zone hosted gold deposits; massive sulphide deposits; heavy mineral placer deposits; metallogenesis of mobile belts; environmental water and soil geochemistry.

## RESEARCH OUTPUTS

|   |    |
|---|----|
| Articles in accredited journals           | 26 |
| Editorial activities (books and journals) | 3  |
| Conference proceedings and other articles | 4  |
| MSc students graduated                    | 3  |

## RESEARCH HIGHLIGHTS

Most Department of Earth Sciences staff and research postgraduate students attended both national and international conferences during 2010.

Of particular significance were the 18th International Sedimentological Congress (Brazil), attended by Dr Daniel Mikeš and students; the 5th International Archaean Symposium (Australia), attended by Prof Gary Stevens and students; and the European Geosciences Union Congress (EGU-2010) in Austria, attended by Prof John Clemens and Dr Mikes and students. Prof Stevens and Prof Clemens were invited keynote speakers at their respective meetings.

With National Research Foundation (NRF) funding, Prof Clemens visited Australia for one month, making and cementing collaborative research connections with Melbourne and Monash Universities, the Geoscience Victoria and Museum Victoria. This visit has already produced two submitted publications and several more are in progress. Prof Clemens also met with Prof Neil Phillips (Phillips Gold), which resulted in research collaborations being initiated between him and staff in Earth Sciences. During the course of the year, Prof Phillips also visited Stellenbosch University to teach a gold course to honours students as well as a short course to industry participants. Both were very well received.

Prof Ian Buick undertook NRF-funded field work in Northwest India, in collaboration with colleagues from the University of Rajasthan and the Indian Institute of Technology-Kharagpur. A highlight in terms of analytical work has been the development, by Prof Buick and Dr Cris Lana, of a U/Pb LA-ICP-MS geochronology facility. The first publications from this development, on the dating of zircon and monazite, are currently in press.

## ACADEMIC AFFAIRS

The Department of Earth Sciences continues to experience the blessings and problems associated with robust first year student recruitment. This year a new organisation of its honours teaching, with timetabled slots for special topics, was introduced to take advantage of evolving research directions of staff members and the expertise of visiting academics.

During 2010 24 honours students, 17 MSc students and 6 PhD students formed part of the Department's postgraduate teaching programme. Taken together this means an increase of nearly 25% on 2009. The numbers are expected to grow even further in 2011.

During 2010 the Department also hosted four postdoctoral research associates – double the number for 2009.

## SERVICE TO THE SCIENTIFIC COMMUNITY

Prof John Clemens is the founding president of the Igneous and Metamorphic Studies Group (affiliated with the Geological Society of SA), member of the Post-NOMAD drilling programme steering committee and a member of the NRF Earth Sciences Ratings Panel.

Prof Ian Buick is currently co-editor-in-chief of the journal *Lithos*, and a member of the editorial board of *Gondwana Research*.

Prof Alakendra Roychoudhury is a member of council for the International Association of GeoChemistry (IAGC), a founder member of Africa Earth Observatory Network (AEON), a board member of the Marine Research Institute (MA-RE) at the University of

## NAVORSINGSBELANGE

Ons navorsingbelange sluit in: Tektoniek en orogeniese prosesse; sedimentologie van die Karoo-kom; petroleumgeologie; petrogenese van granitiese gesteentes; metamorfe petrologie; spoorelement- en isotopiese geochemie; eksperimentele petrologie; skufskeurdraende goudafsettings; massiewe sulfiedafsettings; swaarmineraal plaserafsettings; metaalgenese van mobiele stroke; omgewing-, water- en grondgeochemie.

## NAVORSINGSUITSETTE

|  |    |
|--|----|
| Artikels in geakkrediteerde tydskrifte         | 26 |
| Redaksionele aktiwiteite (boeke en tydskrifte) | 3  |
| Konferensieverrigtinge en ander artikels       | 4  |
| MSc-studente gegradsueer                       | 3  |

## NAVORSINGSHOOGTEPUNTE

